



HOE KIES JY 'N SKOOL VIR JOU KIND?

*'n Praktiese gids vir ouers wat verder
kyk as sport, vriende en reputasie*



AKADEMIESE
UITNEMENDHEID



CHRISTELIKE
WAARDES



VEILIGE
KOSHUISE



KARAKTER
VORMING



SPORT &
KULTUUR



PERSOONLIKE
AANDAG

• *Meer as net 'n skool.* •

VOORWOORD

Vir baie ouers is die keuse van 'n skool een van die betekenisvolste besluite wat hulle namens hul kind neem. Die eerste vraag is dikwels: “Watter skool is die beste?” Dit is 'n vanselfsprekende vraag, maar nie noodwendig die belangrikste een nie. Omdat elke kind uniek is, behoort die keuse van 'n skool altyd by die kind te begin. Die vraag wat eerder gevra behoort te word, is: **Watter skool pas die beste by my kind?**

Oor baie jare in die onderwys het ek geleer dat die grootste verskil tussen skole selde in hul geboue, sportvelde of uitslae lê. Dit word sigbaar in die onderwysers wat elke dag voor die klas staan, die kultuur wat doelbewus geskep word en die manier waarop kinders dag ná dag gevorm word. 'n Skool is immers veel meer as 'n plek waar kennis oorgedra word; dit is 'n gemeenskap waar jongmense leer om verantwoordelikheid te aanvaar, verhoudings te bou, uitdagings te hanteer en die volwassenes te word wat hulle eendag sal wees.

Die regte skoolomgewing help 'n kind om te leer dink, verantwoordelikheid te neem, teleurstelling te verwerk, selfvertroue te ontwikkel en met ander mense saam te leef. Net so belangrik is die mense wat jou kind se potensiaal raaksien maar ook die wysheid het om hom of haar reg te help wanneer dit nodig is.

Terselfdertyd moet kinders nog toegelaat word om kinders te wees. Hulle moet kan speel, lag, ontdek, foute maak en weer probeer. 'n Gesonde skoolomgewing vind die balans tussen hoë verwagtinge en die ruimte waarin 'n kind natuurlik kan ontwikkel. Struktuur en geborgenheid staan nie teenoor mekaar nie; saam skep dit die fondament waarop 'n kind kan floreer.

In 'n veranderende wêreld moet ouers ook kyk hoe 'n skool moderne uitdagings hanteer. Digitale veiligheid, slimfoongebruik, sosiale media, *vaping* en ander invloede is deel van die werklikheid waarmee kinders vandag leef. Die manier waarop 'n skool hierdie uitdagings bestuur, weerspieël dikwels sy waardes en opvoedingsbenadering.

Kinders het grense nodig. Duidelike dissipline skep veiligheid en leer verantwoordelikheid, maar dit behoort altyd vormend van aard te wees. 'n Kind moet verstaan dat keuses gevolge het, maar ook dat daar geluister sal word en dat elke saak regverdig en met respek hanteer sal word.

Hierdie gids is saamgestel om ouers te ondersteun in die belangrike besluit om 'n skool te kies wat die beste by hul kind pas. Dit bied 'n praktiese raamwerk van vrae en oorwegings om skole op 'n ingeligte en gebalanseerde wyse te evalueer. Onder meer word vrae soos die volgende gestel:

- Sal my kind werklik hier geken en verstaan word?
- Sal hy of sy akademies groei?
- Word karakter doelbewus ontwikkel?
- Is die skool se waardes in lyn met dié van ons gesin?
- Is daar duidelike grense en opregte betrokkenheid?
- Word my kind vir die lewe voorberei, en nie net vir die volgende eksamen nie?

Privaatskool Elnatan word deurgaans as 'n praktiese voorbeeld gebruik om te illustreer hoe sekere beginsels in die alledaagse skoollewe sigbaar word. Die doelwit is egter nie om een

skool bó 'n ander te stel nie, maar om ouers toe te rus in hul oorweging van die ideale skool vir húl kind.

My hoop is dat hierdie gids ouers sal aanmoedig om verder as eerste indrukke te kyk. Die regte skool is nie noodwendig die bekendste of gewildste nie, maar die een waar 'n kind veilig voel, uitgedaag word, as individu raakgesien word en die geleentheid kry om sy of haar volle potensiaal te ontwikkel.

Want, uiteindelik is die belangrikste vraag nie waar my kind skoolgaan nie, maar:

“Wie sal my kind daar word?”

Johan Adriaanse

Skoolhoof

*Omdat elke kind uniek is,
behoort die keuse van 'n skool altyd by die kind te begin.*

INHOUDSOPGAWE

1. Begin by jou kind – nie by die skool se naam nie
2. Maak seker die skool se waardes pas by jul gesin
3. Onderzoek die akademiese aanbod en toekomstige opsies
4. Verstaan akademiese uitslae binne konteks
5. Kyk hoe die skool leerders ondersteun
6. Onderzoek dissipline, veiligheid en skoolkultuur
7. Vra hoe die skool digitale risiko's bestuur
8. Let op die skool se benadering tot *vaping* en nikotien
9. Beoordeel gebalanseerde ontwikkeling deur sport, kultuur en leierskap
10. Oorweeg koshuise en praktiese werklikhede
11. Moenie vriende of reputasie die besluit laat neem nie
12. Besoek die skool en ontmoet die mense wat saam met jou kind die pad sal stap
13. Gebruik 'n besluitnemingskontrolelys
14. Slot: kies 'n vennoot vir jou kind se vorming

1. Begin by jou kind – nie by die skool se naam nie

'n Goeie skoolkeuse begin met eerlike kennis van die kind

Baie ouers begin hul soektog deur skole met mekaar te vergelyk. Die eerste stap in hierdie proses is nie om 'n skool te kies nie, maar om eers jou kind se behoeftes, persoonlikheid en potensiaal te verstaan.

Sommige kinders floreer in 'n groot, dinamiese en hoogs mededingende omgewing. Ander ontwikkel beter in kleiner klasse, voorspelbare roetines, persoonlike aandag en 'n rustiger sosiale klimaat.

Begin deur jou kind se leerstyl, energievlak, selfvertroue, sosiale behoeftes, belangstellings en huidige uitdagings te oorweeg. 'n Kind wat voortdurend oorweldig voel, benut selfs uitstekende geleenthede nie ten volle nie. Net so kan 'n begaafde en nuuskierige kind belangstelling verloor wanneer hul omgewing te min uitdaging bied.

Die doel is nie om 'n skool te vind wat alles vir die kind maklik maak nie. Die doel is om 'n omgewing te kies waar die kind met gepaste ondersteuning kan groei, verantwoordelikheid kan aanvaar en toenemend onafhanklik kan funksioneer.

Vrae om as gesin te bespreek

- Waar en wanneer leer my kind die beste?
- Watter tipe onderwyser bring die beste in my kind na vore?
- Het my kind sterk struktuur, ekstra uitdaging of meer individuele ondersteuning nodig?
- Wat maak my kind opgewonde – wetenskap, taal, tegnologie, kuns, mense, sport of besigheid?
- Watter omgewing sal my kind help om selfstandig te word?

Elnatan in praktyk

Privaatskool Elnatan streef daarna om leerders as individue te leer ken en ontwikkel. Van Graad RR tot Graad 12 word akademiese ontwikkeling, karaktervorming, sport, kultuur en koshuislewe as deel van 'n opvoedkundige geheel benader. Hierdie uitgangspunt sluit aan by die beginsel dat elke kind die beste ontwikkel wanneer sy of haar unieke behoeftes en potensiaal raakgesien word.

2. Maak seker die skool se waardes pas by jul gesin

Gedeelde kernwaardes beïnvloed daaglikse dissipline, taalgebruik, verhoudings en prioriteite

Ouers kies nie net 'n kurrikulum nie. Hulle kies ook 'n gemeenskap waarin hul kind vir 'n groot deel van elke week gaan leef, leer en ontwikkel. 'n Skool se waardes word nie net in die missieverklaring verwoord nie. Dit word sigbaar geleef in die manier waarop personeel kinders aanspreek, hoe konflik hanteer word, watter gedrag aangemoedig word en hoe die skool saam met ouers dieselfde waardes versterk.

Wanneer die waardes van die skool en ouerhuis bots, word die kind maklik tussen teenstrydige boodskappe vasgevang. Stem die waardes ooreen skep dit konsekwentheid en geborgenheid waarbinne 'n kind met vertroue kan ontwikkel.

Vrae oor waardes en identiteit

- Wat is die skool se verklaarde grondslag, visie en missie?
- Hoe word waardes prakties in klas, sport, koshuise en dissipline toegepas?
- Wat beteken respek, integriteit en verantwoordelikheid in die skool se daaglikse lewe?
- Watter rol speel taal, kultuur en geloof in die vorming van leerders?
- Word ouers as opvoedingsvennote behandel?

Elnatan in praktyk

By Privaatskool Elnatan vorm die Christelike grondslag die uitgangspunt van die skool se opvoedingsbenadering. Die skool se leuse, "God Voorsien", en die klem op respek, integriteit, selfdissipline en diensbaarheid sluit aan by die beginsel dat waardes nie bloot verkondig word nie, maar daaglik uitgeleef behoort te word.

'n Skool se kultuur is dit wat kinders elke dag beleef – nie net wanneer iemand 'n bemarkingsfoto neem nie.

3. Onderzoek die akademiese aanbod en toekomstige opsies

Die regte vakke vandag kan môre se studie- en beroepsmoontlikhede verseker

Min leerders weet presies watter beroep hul eendag wil beoefen. Daarom behoort ouers nie net te vra watter vakke hul kind tans geniet nie, maar ook of die gekose skool genoeg opsies bied wanneer die kind se belangstellings later verander.

Oorweeg veral die seniorfase. 'n Skool kan 'n uitstekende reputasie hê, maar nie die vakke of vakkombinasies aanbied wat jou kind later nodig nie. Onderzoek ook die gehalte van onderrig, klasgroottes, laboratoriums, tegnologiese hulpbronne en hoe eksterne eksamens gebruik word om akademiese vordering te evalueer.

'n Moderne akademiese program moet meer doen as om kennis oor te dra. Dit moet leerders toerus om te redeneer, probleme op te los, doeltreffend te kommunikeer, saam te werk, verantwoordelik navorsing te doen en nuwe tegnologie sinvol te gebruik.

Vrae oor die akademiese aanbod

- Watter verpligte en keusevakke word van Graad 10-12 aangebied?
- Bied die skool die vakke aan wat jou kind se moontlike studierigting ondersteun?
- Hoe word Wiskunde, Wetenskappe, tale en tegnologiese vakke ondersteun?
- Word leerders deur eksterne assessering en loopbaanvoorligting ondersteun?
- Wat gebeur wanneer 'n leerder later 'n vak wil verander?

Elnatan in praktyk

Elnatan berei Graad 10-12-leerders voor vir die IEB Internasionale Sekondêre Sertifikaat. Vakkeuses sluit onder meer Afrikaans Primêre Taal, Engels Addisionele Taal, Aktiewe Burgery, Wiskunde of Kwantitatiewe Beredenering, Rekeningkunde, Aardrykskunde, Landboubestuurspraktyke, Fisiese Wetenskappe, Gasvryheidstudies, Rekenaarstudies, Biologie, Toerisme, Ingenieursgrafika en Tegnologie in.

4. Verstaan akademiese uitslae binne konteks

Vra nie nét hoeveel leerders slaag nie – vra hóé hulle slaag


'n Hoë slaagsyfer is die ideaal, maar dit vertel net 'n deel van die verhaal. Ouers behoort ook te kyk na universiteitstoelating, klasgemiddeldes, die gehalte en verspreiding van vaksimbole, prestasie in uitdagende vakke en die aantal leerders wat hierdie vakke kies én suksesvol voltooi.

Ondersoek ook tendense oor meer as een jaar. Een uitsonderlike groep kan 'n skool se resultate skielik laat styg, maar volgehoue prestasie dui op konsekwente onderrig, 'n sterk akademiese kultuur en 'n stelsel wat oor tyd presteer.

Vrae wanneer jy uitslae beoordeel

- Watter persentasie leerders kwalifiseer vir universiteitstoelating?
- Hoe lyk die klasgemiddeld oor verskeie jare?
- Hoeveel van alle vaksimbole is A-, B- en C-simbole?
- Hoe vergelyk vakgemiddeldes met eksterne maatstawwe?
- Word swak areas objektief geïdentifiseer en met 'n intervensieplan opgevolg?


Graad 1-11: klasgemiddeldes in 2025




Figuur 1: Klasgemiddeldes vir Graad 1-11 in 2025

Bron: Privaatskool Elnatan Akademiese Uitslae 2025.

Die graadgemiddeldes toon dat akademiese prestasie nie slegs in die matriekjaar gemeet word nie. Deur prestasie regdeur die skoolloopbaan te monitor, kan 'n skool leerhindernisse vroeg identifiseer en betyds aanspreek.

Matriekklassemiddeld: 2018-2025**Figuur 2: Matriekklassemiddeld oor agt jaar***Bron: Privaatskool Elnatan Akademiese Uitslae 2025.*

Die matriekklassemiddeld het van 63% in 2018 tot 70% in 2025 gestyg. Jaar-tot-jaar-kommeling is normaal; daarom is die langtermynrigting en die skool se reaksie op swakker jare dikwels meer betekenisvol as die uitslae van enige enkele jaar.

Kwaliteit van matriekvakprestasies: 2018-2025**Figuur 3: Tendense in die gehalte van matriekvaksimbole***Bron: Privaatskool Elnatan Akademiese Uitslae 2025.*

In 2025 was 49% van alle matriekvaksimbole A- of B-simbole, terwyl 81% A-, B- of C-simbole was. Daar was geen druipevakke nie, en 11 van die 13 eksamenvakke het bo die IEB-gemiddeld presteer, terwyl 7 van die 13 ook die NAPSO-gemiddeld oortref het.

100%	100%	70%	49%
Matriekslaagsyfer	Universiteitstoelating	Matriekklassemiddeld	A- en B-simbole

2025-matriekuitslae: Al 12 leerlinge het geslaag en universiteitstoelating behaal. Bron: Elnatan Akademiese Uitslae 2025 en NAPSO/IEB-ISC-verslag.

5. Kyk hoe die skool leerders ondersteun

Ondersteuning is nie 'n teken van laer standarde nie; dit is 'n plan om leerders tot die standaard te help groei

Elke kind leer anders. Sommige leerders benodig ekstra ondersteuning soos remediërende onderrig, studiehulp of assesseringsakkommodasies. Ander benodig loopbaanvoorligting, hulp met vakkeuses of bloot vroeë terugvoer voordat 'n klein probleem 'n groot, voorkombare, agterstand word.

Die kernvraag is nie of 'n skool belooft om om te gee nie, maar of daar 'n duidelike proses bestaan: vroeë identifisering, verwysing, intervensie, kommunikasie met ouers en opvolging.

Vrae oor leerderondersteuning

- Hoe word leerhindernisse vroeg geïdentifiseer?
- Wie koördineer ondersteuning en kommunikasie met ouers?
- Is studiehulp, remediërende onderrig en assesseringsakkommodasies beskikbaar?
- Hoe word 'n individuele ondersteuningsplan saamgestel en gemonitor?
- Watter leiding ontvang leerders oor vakkeuses, verdere studie en beroepe?

Elnatan in praktyk

Elnatan se ondersteuningsmodel sluit vroeë identifisering van leerhindernisse in, asook verwysing na kundiges, remediërende onderrig, assesseringsakkommodasies en 'n ondersteuningsplan wat saam met alle rolspelers opgevolg word. Loopbaan- en vakkeusevoorligting vorm deel van die proses. 'n Leesprogram word ook reeds in Gr. 7 geïmplementeer om deurlopende hulp aan leerders met leeskonsessies te verleen.

6. Onderzoek dissipline, veiligheid en skoolkultuur

Duidelike grense behoort 'n veilige ruimte vir groei te skep

Dissipline is meer as straf. In 'n gesonde skool skep konsekwente reëls voorspelbaarheid, wat onderrigtyd beskerm en kinders leer om die gevolge van hul keuses te aanvaar. Die beste beleid is duidelik, regverdig, toepaslik vir die ouderdom en word konsekwent toegepas.

Vra hoe afknouery, konflik, vandalisme, dwelms en ander verbode middels, asook onvanpaste aanlyngedrag hanteer word. Kyk ook of personeel leerders se waardigheid beskerm wanneer probleme aangespreek word. Kinders het grense én volwassenes nodig wat steeds in hul potensiaal glo.

Vrae oor veiligheid en dissipline

- Is die gedragkode maklik beskikbaar en verstaanbaar?
- Word reëls oor grade, sport en koshuise konsekwent toegepas?
- Hoe word afknouery en konflik aangemeld en opgevolg?
- Wat is die beleid oor alkohol, dwelms en ander verbode middels?
- Hoe word ouers by ernstige of herhalende probleme betrek?

Elnatan in praktyk

Die skool en koshuise vereenselwig dissipline met respek, integriteit en selfdissipline. Die gedragkode beskryf dissipline as die grondslag vir 'n veilige ruimte waarin elke leerder tot sy of haar volle potensiaal kan ontwikkel. Koshuisreëls beklemtoon ook orde, verantwoordelikheid en wedersydse respek.

7. Verneem hoe die skool digitale risiko's bestuur

Digitale veiligheid vorm nou deel van gewone skoolveiligheid

Slimfone bring nie net nuwe geleenthede nie, maar stel kinders ook bloot aan voortdurende afleidings en nuwe risiko's. Konstante kennisgewings, sosiale druk, onbeheerde internettoegang, kuberafknouery, video-oproepe en voortdurende afleidings kan 'n beduidende invloed op kinders se leer en welstand hê. 'n Skool behoort 'n duidelike beleid te hê oor waar, wanneer en waarom toestelle gebruik mag word.

'n Strenger slimfoonbeleid beteken nie dat die skool tegnologie verwerp nie. Dit kan juis beteken dat tegnologie doelgerig, onder toesig en vir leer gebruik word, terwyl persoonlike toestelle nie die aandag, slaap, gesprekke en gewone kindwees oorheers nie.

Vrae oor digitale veiligheid

- Wat is die selfoon- en slimfoonbeleid tydens skool en op die terrein?
- Het leerders onbeheerde toegang tot die internet of sosiale media?
- Hoe word tegnologie doelgerig vir onderrig aangewend?
- Hoe word kuberafknouery en die verspreiding van onvanpaste inhoud hanteer?
- Beskerm die beleid ook studie-, slaap- en sosialiseringruimtes?

Elnatan in praktyk: 'n slimfoonvrye omgewing

Selfone is tradisioneel nie tydens die skooldag toegelaat nie. Die huidige beleid verbied alle slimfone vir Graad 1-11-leerders. Indien 'n telefoon vir kontakdoeleindes nodig is, moet 'n internetvrye toestel gebruik word. Dit beperk onbeheerde internettoegang, sosiale media en video-oproepe en skep 'n gebalanseerde ruimte vir leer, direkte gesprek en gewone spel.

Tegnologie behoort 'n hulpmiddel te wees wat deur volwassenes bestuur word – nie 'n omgewing wat die kind voortdurend bestuur nie.

8. Let op die skool se benadering tot *vaping* en nikotien

'n Gesonde skoolkultuur wag nie eers vir 'n krisis voordat daar opgetree word nie

Vaping word maklik onderskat omdat toestelle klein is, geure onskuldig klink en die gebruik daarvan maklik weggesteek kan word. Ouers behoort te vra of die skool slegs 'n verbod op papier het, en of daar ook 'n duidelike voorkomings-, opsporings- en ondersteuningsplan in plek is.

Proaktiewe optrede behoort altyd gepaard te gaan met duidelike kommunikasie, 'n konsekwente gedragkode en die geleentheid vir begeleiding. Die doel is nie net om oortreders uit te vang nie, maar om afhanklikheid, groepsdruk en normalisering vroeg teen te werk.

Vrae oor *vaping* en ander verbode middels

- Word die beleid duidelik aan leerders en ouers gekommunikeer?
- Hoe word vermoedens ondersoek en bevestig?
- Watter gevolge en ondersteuningsprosesse volg op 'n positiewe bevinding?
- Word ouers vroeg betrek?
- Is voorkoming en opvoeding deel van die skoolprogram?

Elnatan in praktyk: proaktiewe nikotientoetsing

Elnatan toets leerders gereeld vir nikotien as deel van die skool se doelgerigte poging om *vaping* hok te slaan. Die beleid funksioneer binne die skool se gedrag- en kommunikasieproses en stuur 'n duidelike boodskap: die skool wag nie totdat die probleem gevestig is voordat daar opgetree word nie.

9. Beoordeel gebalanseerde ontwikkeling deur sport, kultuur en leierskap

Deelname vorm karakter; prestasie is slegs een moontlike uitkoms

Sport en kultuur bevorder deursettingsvermoë, spanwerk, kreatiwiteit, selfbeheersing en hoe om teleurstelling te hanteer. Die belangrikste vraag is nie hoeveel wenners 'n skool oplewer nie, maar of deelname vir elke leerder toeganklik is.

Leierskap behoort meer as 'n titel of kenteken te wees. Kyk of leerders werklik verantwoordelikheid kry, diensbaarheid leer en aanspreeklik gehou word vir die voorbeeld wat hulle stel.

Vrae oor die volledige ontwikkeling van die kind

- Watter sport- en kultuuraktiwiteite is beskikbaar?
- Kan beginners en leerders op verskillende vlakke deelneem?
- Hoe word akademie en buitemuurse verpligtinge gebalanseer?
- Watter formele en informele leierskapsgeleenthede bestaan?
- Word deelname, karakter en groei ook erken – of net eerste plekke?

Elnatan in praktyk

Die skool se buitemuurse program sluit onder meer rugby, netbal, hokkie, atletiek, skaak, boogskiet, krieket en jukskei in. Kulturgeleenthede sluit redenaars, tienertoneel, eisteddfod, skoolkonsert, NAPSO-kulturfes, 'n redaksiespan en weeklikse lofprysing in. Die skool se benadering is gerig op die gebalanseerde ontwikkeling van elke leerder.

10. Oorweeg koshuise en praktiese werklikhede

'n Koshuis is nie bloot slaapplek nie; dit word deel van die kind se opvoedingsomgewing

Vir baie gesinne bepaal afstand, vervoer en koshuisverblyf of 'n skool prakties haalbaar is. Ondersoek hoe toesig gereël word, hoe die daaglikse roetine verloop, hoe studietye ingerig word, watter naweekreëlings geld, hoe etes en mediese ondersteuning hanteer word, hoe kommunikasie met ouers plaasvind en hoe heimwee of konflik hanteer word.

Koshuisverblyf wat by die leerder se ouderdom en ontwikkelingsfase pas, is belangrik. 'n Graad 1-leerder en 'n matriekleerder het nie dieselfde roetine, toesig of vlak van selfstandigheid nodig nie. Afsonderlike koshuise vir jonger en ouer leerders kan help om 'n kleiner, veiliger leefwêreld binne 'n groter skoolgemeenskap te skep.

Vrae oor koshuise en praktiese sake

- Word kinders volgens ouderdom en ontwikkelingsfase gehuisves?
- Wie is verantwoordelik vir toesig, studie en welstand?
- Hoe word selfone, internet, slaap en stiltetye bestuur?
- Wat gebeur wanneer 'n leerder siek word of 'n besering opdoen?
- Hoe lyk vervoer, uitnaweke, busroetes en die totale koste vir die gesin?

Elnatan in praktyk

Elnatan se koshuise is volgens ontwikkelingsfases ingerig: Huis Cora vir die junior primêre fase, Huis Marie vir senior primêre leerders, en Huis Frikkie en Huis Hessie vir hoërskoolseuns en -dogters. Die koshuisbenadering is gegrond op veiligheid, geborgenheid, selfstandigheid, verantwoordelikheid, empatie en Christelike waardes. Die skool bedryf ook daaglikse en weeklikse busroetes na verskeie sentrums.

11. Moenie vriende of reputasie die besluit laat neem nie

Vriende maak die oorgang makliker, maar hulle behoort nie die kind se toekoms te kies nie

Vir baie kinders is die gedagte dat hul maats na 'n bepaalde skool gaan, een van die belangrikste oorwegings. Dit verdien empatie, maar nie die finale stem nie. Vriendskappe verander, nuwe vriendekringe ontstaan en kinders se belangstellings verskuif namate hulle ouer word.

Dieselfde geld vir reputasie. 'n Bekende naam kan uitstekende akademiese en buitemuurse programme hê, maar dit waarborg nie dat jou kind geken ondersteun of uitgedaag sal word nie. 'n Minder bekende skool kan presies die regte vakke, onderwysers, kultuur en deelnamegeleenthede vir 'n bepaalde kind bied.

Help jou kind om die besluit anders te formuleer

- Nie: "Waarheen gaan my vriende?" nie, maar: "Waar kan ek die beste groei?"
- Nie: "Watter skool is die gewildste?" nie, maar: "Watter skool pas by my waardes en doelwitte?"
- Nie: "Waar sal alles maklik wees?" nie, maar: "Waar sal ek uitgedaag en ondersteun word?"

12. Besoek die skool en ontmoet die mense

Geen prospektus kan 'n skool se daaglikse atmosfeer volledig vasvang nie

Besoek die terrein op 'n gewone skooldag, nie net tydens 'n netjies voorbereide opedag nie. Let op hoe leerders mekaar behandel, hoe personeel reageer wanneer 'n kind hulp vra, hoe netjies en rustig leeromgewings funksioneer en of mense spontaan groet.

Praat met meer as een persoon. 'n Skoolhoof kan die visie verduidelik; vakonderwysers kan vertel hoe onderrig en leer in die praktyk verloop; huidige ouers en leerders kan vertel hoe die kultuur in praktyk beleef word. Vra ook om die gedragskode, vakkeuse-inligting, uitslae en leerderondersteuning te sien.

Tien dinge om tydens 'n skoolbesoek waar te neem

- Voel leerders veilig en ontspanne?
- Is personeel toeganklik en georganiseerd?
- Is daar orde sonder 'n gespanne atmosfeer?
- Is klasse en fasiliteite funksioneel en goed benut?
- Kan die skool konkrete antwoorde oor akademiese sake en leerderondersteuning gee?
- Hoe praat leerders oor hul onderwysers?
- Hoe word nuwe leerders ingeskakel?
- Pas die skool se waardes by dit wat jy op die terrein sien?
- Kan jy jou kind hier sien groei – nie net oorleef nie?

13. Gebruik 'n gestruktureerde besluitnemings-kontrolelys

Vergelyk skole volgens dieselfde kriteriums en skryf jou waarnemings neer

Die tabel hieronder is doelbewus eenvoudig en volledig wysigbaar, sodat jy dit maklik kan aanpas soos nodig. Gebruik 'n telling van 1 tot 5, waar 1 beteken “pas swak by ons kind” en 5 beteken “pas uitstekend by ons kind”. Die notas is belangriker as die finale totaal.

Kriterium	Wat moet ons vasstel?	Telling /5	Notas
Pas by my kind	Leeromgewing, grootte, tempo, persoonlike aandag		
Waardes en identiteit	Geloof, taal, kultuur, respek en ouervennootskap		
Akademie aanbod	Vakke, kwalifikasie, hulpbronne en toekomstige opsies		
Akademie gehalte	Slaagsyfer, toelating, gemiddeldes en langtermyn-tendense		
Leerderondersteuning	Vroeë identifisering, remediëring, akkommodasies en loopbaanleiding		
Dissipline en veiligheid	Konsekwentheid, afknouery, verbode middels en kommunikasie		
Digitale beleid	Slimfone, internet, sosialemedia en kuberveiligheid		
Sport, kultuur en leierskap	Verskeidenheid, deelname en karaktervorming		
Koshuis en vervoer	Toesig, studie, afstand, busroetes en koste		
Kommunikasie met ouers	Toeganklikheid, terugvoer en probleemoplossing		
My kind se reaksie	Voel die kind welkom, veilig en gepas uitgedaag?		

Besluitreël

Moenie die hoogste totaal outomaties as die beste opsie aanvaar nie. Fokus eerder op die drie kriteriums wat vir julle kind werklik ononderhandelbaar is. 'n Skool wat aan daardie kernvereistes voldoen is dikwels 'n sterker keuse as een wat oral “redelik” presteer, maar nie by julle kind se unieke behoeftes aansluit nie.

14. Slot: kies 'n vennoot vir jou kind se vorming

Skoolgaan duur net 'n aantal jare, maar die gewoontes, waardes en verhoudings wat daar gevorm word, kan 'n leeftyd lank voortleef

Die regte skool is nie 'n plek sonder uitdagings nie. Dit is 'n plek waar uitdagings met goeie onderrig, duidelike grense, opregte sorg en betekenisvolle geleenthede hanteer word. Dit is 'n skool wat bereid is om saam met ouers te werk, eerlik oor prestasie te kommunikeer en soms ongewilde besluite te neem omdat dit in kinders se beste belang is.

Kyk dus verder as sportuitslae, indrukwekkende geboue, huidige vriende en algemene reputasie. Kyk na die kind voor jou. Kyk na die volwassenes wat daardie kind gaan vorm. Kyk na die vakke, ondersteuning, waardes en daaglikse kultuur wat die kind vir jare gaan beleef.

Kriterium nommer een:

“Met wie vertrou ons die volgende fase van ons kind se vorming?”

Privaatskool Elnatan in 'n neutedop

Elnatan bied 'n Christelik gefundeerde, hoofsaaklik Afrikaanse onderwysomgewing van Graad RR tot 12, met die IEB Internasionale Sekondêre Sertifikaat in die seniorfase, leerderondersteuning, 'n uitgebreide sport- en kultuurprogram, vier fasekoshuise, 'n slimfoonvrye beleid vir Graad 1-11 en 'n proaktiewe benadering tot hedendaagse uitdagings soos *vaping*. Die skool se kernboodskap bly: “Waar kinders nog kind kan wees.”

PRIVAATSKOOL ELNATAN
Posbus 69, Stampriet

+264 63 260079
kantoor@elnatan.com
www.privaatskool-elnatan.com